RSG Onderhoud 1 : (07h15-08h00)

Hoe is There is Hope Ministries gebore?

(**Pieter**) Vir 20 jaar was ek en Magdaleen voltydse personeel by 'n sendingorganisasie, Campus Crusade for Christ

Gedurende 2007 het ek 'n konferensie in Bangkok bygewoon waar 100 Christen Internet werkers uit 25 lande vir 'n volle week saam beplan het. Terwyl ek so na die kundiges geluister het, het ek geweet 'n nuwe bediening word gebore.

Ek het Magdaleen gebel met die woorde: *"My vrou, hier kom 'n ding!"*

Wat behels 'n internet bediening?

(**Magdaleen**)

Mense leef toenemend afgesonderde lewens & spandeer ure voor die rekenaar en op internet. Die internet is modern, vinnig en baie effektief vir bediening. Te lank het die Satan hierdie medium misbruik tot sy voordeel.

Pieter het 2 webblaaie ontwikkel:

- www.hope365.co.za
- www.KnowingGod.co.za

Deur hierdie 2 webblaaie lewer ons 'n interaktiewe diens aan mense - gaan hoofsaaklik oor sekerheid van saligheid en hoe om as kind van God 'n lewe van oorwinning te leef.

Ons webblad is interaktief en is ontwerp met die doel om mense te help om geestelik te groei. Met dit in gedagte bring ons mense in kontak met 'n wye verskeidenheid baie goeie artikels op verskillende interessante webblaaie.

Onderwerpe soos geloof, geestelike groei, gebed, huwelik, ongetroudes, tydskrifte, fisiese behoeftes (soos depressie, finansies, gesondheid, dwelms ens....)

THERE IS HOPE MINISTRIES beskik oor kragtige geestelike materiaal wat baie mense al effektief in hulle persoonlike verhouding met die Here gehelp het.

Hoe wyd strek hierdie bediening?

(**Magdaleen**)

Die uniekheid van die internet is dat mense ons deur ons webblaaie van regoor die wêreld kontak met versoeke. (SA, Afrika, Europa, Midde-Ooste, Australië e.a.) Daagliks is daar gemiddeld omtrent 20 besoekers op ons webblaaie

As opgeleide e-mentor (deur TruthMedia Ministries), beantwoord ek elke e-pos persoonlik, bid vir behoeftes en bring mense in kontak met organisasies wat hul nood kan help aanspreek. Baie e-posse is 'n noodkreet wat ruk aan mens se hart.

VB - Iemand skryf: *"Ek voel vanoggend so vol pyn en lyding. Wil net weet, is daar dalk iemand daar buite wat saam met my kan bid, want ek moet baie nader aan God kom"*

Jy weet, soms oorweldig die intensiteit van ''n brief my so, dat ek eers opstaan, 'n draai in die tuin gaan loop en vir die Here wysheid vra.

Die aard van die versoeke wissel van geestelik tot enige moontlike onderwerp waaraan jy kan dink.

Gedurende die laaste 12 maande het ek so +1,000 persoonlike mentor e-posse uitgestuur.

Ons het 'n databasis van 3½ duisend mense wat maandeliks ons nuusbrief ontvang.

Hierdie bediening is kragtig en die moontlikhede is oneindig!

Ek wil afsluit deur te sê: Vandat There is Hope Ministries in 2006 gebore is, is die Here dag na dag besig om te doen ver bo alles wat ons ooit kon bid of dink. Menige dae staan ons verstom en sprakeloos oor die manier waarop God werk, hoe Hy voorsien en hoe Hy nuwe deure oopmaak.

Waar kan die luisteraars julle kontak

(**Pieter**)

Kontak besonderhede: Mense kan ons kontak per epos en ons sal al die skakels aan hulle stuur om ons webblaaie en nuusbriewe oop te maak:

- (epos) hope@hope365.co.za
- (huis/kantoor) 028 271 5124
- Webblaaie: www.hope365.co.za en www.knowingGod.co.za